HEFSIBA NUUSBRIEF

van

Kruger en Antoinette

September 2009

Liewe Vriende,

FIGHTING FIT

Ons is weer "fighting fit" vir HEFSIBA en Sy Koninkryk. Ja, daar's 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Ons "sabbatical" is op 'n einde en môre verlaat ons ons hysie op die rustige Parys en gaan die innerlike stryd van 'n sendeling voort: As ons in die RSA is dan verlang ons terug Vila toe en as ons daar is verlang ons weer terug SA toe! Ons gaan veral goeie vriende, familie, vars melk, roomys, sjokolade en chips mis (daarvan getuig die 10kg wat ek hier opgetel het, d.i. nou Kruger) Dan gaan ons ook Afrikaans op die radio, rugby en krieket op TV mis! Ja, ons het selfs gekyk hoe Bafana-Bafana teen Brasilië verloor wat my laat dink aan die volgende grappie:

Die seuntjie se ouers het geskei en die hof moet bepaal na wie die seuntjie sal gaan. Die regter besluit toe die kind moet na sy ma toe gaan. By die aanhoor van die uitspraak huil die seuntjie en sê: " Please sir, not my mother, she beats me a lot!" Die regter besluit toe om die seuntjie aan sy pa se sorg toe te vertrou. Weer begin die seuntjie met 'n huil stemmetjie sê: "Please Sir, not my father, he beats me a lot!" Die regter is toe in die war en vra die seuntjie na wie hy hom dan kan stuur. Toe kom die antwoord: "To Bafana-Bafana sir – they don't beat anyone!"

Petria laat weet dat dit dol gaan daar op Hefsiba en dat ons met 'n spoed sal moet inval en dat daar geen tyd vir rus is nie. Ons weet dit ook uit ondervinding dat jy gedurig op kampus besig is en dat jy onder druk is vir jou persoonlike stiltetyd, grondige Bybelstudie vir jouself ens. Lg het ons baie geniet gedurende die jaar hier op die walle van die Vaalrivier. Ons kan ons heelhartig met die ou kerkvader Augustinus vereenselwig toe hy geskrywe het:

"*Altijd weer preken, disputeren, berispen, stichten, voor iedereen klaarstaan: Dit is een grote last, een zware druk, een moeizaam werk! Als het aankomt of vrij zijn van beslommeringen, daar is geen mens meer op gesteld dan ik. Want niets is beter, niets is zoeter dan het doorvorsen van de goddelijke schatten – ver van alle lawaai! Maar het evangelie schrikt er mij van af…"*
-Augustinus de Zielzorger – F. van der Meer (2008)

SEERKRY, LYDING, SWAARKRY EN STRYD

Christina Landman het ‘n boek met omtrent bg titel geskrywe wat die moeite werd is om gelees te word as jy worstel met swaarkry. Tydens die twee afgelope maande se behandeling van die kanker het ek die volgende neergepen wat vir my gehelp het om perspektief te behou en te veg teen neerslagtigheid en moedeloosheid. Ek begin met ‘n Bybelvers:

- Ps. 22:25 “Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor”
- Moet nie jou lydinkies op ‘central stage’ sit terwyl dit eintlik net ‘n ‘side show’ moet wees nie!
- Stel jou oop vir ander mense om jou in die tyd te help en lief te hê.
- Spreek; Lewe!
- Humor laat die siel rek en lag laat lyding ‘n bietjie verder wegtrek. Lag baie. Lag vir grappies. Lag nie vir nie, maar saam met ander mense – en lag vir jouself!
- Ons het altyd ‘n keuse – ons kan kies om beheer oor ons lewens te neem
- Bly weg van ontkenning. Doen gereeld ‘n ‘reality check’ op jou hart, op sy seerkry. Kyk jou lyding in die oë en doen iets om dit vas te vat.
- Iewers tussen eina en amen, ontmoet ons God as Geneesheer (Sheila Cussons)
- In lyding behoort die mens nie te vra wat die sin van lyding vir hom is nie, maar watter sin hy aan lyding kan gee - Daniël Louw
- Mens moet nie vra: “Waarom ly ek?” nie, maar; “Waarheen toe ly ek?”
- God veroorsaak nie lyding nie – Hy begelei lyding.
- ‘n Mens moet nie net lyding verduur en daaruit sin probeer maak nie – jy moet dit met lewensvreugde tegemoetgaan – die Heilige Gees rus ons toe met hoop
- ‘n Mens verwerk jou lyding die beste wanneer jy sin daaraan gee – jy moet dit ‘n geleentheid en ‘n uitdaging maak. Jy moet met volwassenheid daarmee aanstap om die doel van jou lewe te bereik
- Party mense weier om ‘survivors’ of ‘victors’ oor lyding te word – hulle bly ‘volunteers’ vir lyding. Ons moet nie so versot raak op die tragedie wat ons getref het dat ons ‘n liefdesverhouding daarmee aanknoop nie!
- Soek en behou jou speelsheid – veral ook vir die tyd wanneer jy dit nodig gaan kry
  Kry die lewe lief; kry God lief wat die lewe is – dis die beste teenvoeter vir pyn en swaarkry
- Ek hou persoonlik baie van die volgende twee:
- “I am too blessed to be stressed”
- God gee vir party mense skielike gesondheid, maar vir ander doen Hy ander wonderwerke soos om vir hom goeie vriende en/of ‘n lojale vrou en goeie kinders te gee. (Antoinette was inderdaad ‘n ster gedurende hierdie tyd)

Dankie aan almal wat vir my gebid het en nog steeds bid vir volkome herstel. Die griep is ook oor, die gehoor is terug en my energievlakke is terug na normaal. Die gebed van gelowiges het inderdaad baie krag! *A luta continua mas a vitória é certa!* (Die stryd duur voort maar die oorwinning is seker!)

SENDINGKONFERENSIE: VEG REG

Ek het die afgelope naweek ‘n sendingkonferensie bygewoon in Potch en dit het my goed gedoen en gemotiveer om weer met oorgawe reg te veg vir die Koning. Goed om te sien dat daar nog mense is wat met hulle hele wese belangstel om die Evangelie uit te brei en die grense van taal, kultuur en landsgrense te deurbreek om dit te doen. Ek het ‘n swart sendeling daar ontmoet wat van Zambië af geloop het na die oorlogsgeteisterde gebied van Dafoer om die Woord te bring aan die Moslems – dit is omtrent so ver as wat Vila Ulónguè is van Kaapstad! Hy vas elke Dinsdag en Donderdag omdat dit die dae is wat sy gemeente in Zambië vas om hom geseënd te hou daar doer ver! Hulle het reeds hul kerkgebou en van hulle klere verkoop om hom op die sendingveld te hou. Haai! Waar val ons uit?

Ds. Richard Verryne het die klem laat val op die feit dat sending deesdae hom op verskillende wyses aan ons “opdring”. Mens kry Deurbraak velde veral onder die onbereikte stamme en die post-modernes in Europa. Dan is daar Inheemse velde waar die inheemse kerk reeds sterk staan; Gemeenskapsvelde (elke gemeente is binne ‘n sendingveld waar ons ook post-christene aantref en die sg versteekte groepe, mense soos die dwelmverslaafdes, die bendes, die armes.) En dan is daar die Drumpelvelde. Onder laasgenoemde noemer sien ons die globale diaspora en hoe duisende Somaliërs, Chinese, Nigeriërs, Zimbabwiërs, en Mosambiekers ons land binne stroom – so kom inderdaad die wêreld op ons drumpel staan. Doen ons genoeg om die Evangelie aan hulle te bring? Sien ons hulle as ‘n verleentheid of ‘n geleentheid?

Frans Hancke beskou ‘n missionêre kerk as ‘n kerk waar daar beweeg word van:

- Programmes to processes
- Demographics to discernment
- Attractional to incarnational
- Uniformity to diversity
- Professionalism to passionate
- Seating to sending
- Decisions to disciples
- Monuments to movements

Pastoor Johan Carstens het dit veral gehad oor Sending op die Markplek. Die groot herlewings van Nineve en Pinksterdag het nie in die tempel plaasgevind nie maar op die strate, op die markplein! Ons mense moet besef dat hulle

sendelinge in die werksplek moet wees! Ons moet ook werkskeppers en interpreneurs wees soos ‘n Josef – nie om self ryk te word nie maar eerder om ander te help om welvarend te raak sodat meer mense werksbevrediging kan geniet.

Ds. Peter Malan van Kingfisher meen dat die volgende dinge struikelblokke is vir die Evangelie om sy vrye gang te gaan:

1. Legalisme;
2. Tradisie;
3. Te veel gesels en te min doen;
4. ‘n Vreemdsoortige spiritualiteit;
5. Die oordrewe strewe om alles te beheer en
6. Die neiging tot eksklusiwiteit

Hy vra dat ons sal beweeg van:

1. Die kerk as blote instituut *na* die konsep van die Koninkryk van God
2. Om mense lidmate te maak van die kerk *na* dissipels te maak vir Christus
3. Geprogrameerde bedieninge *na* die bemagtiging van mense om die wêreld te transformeer

Ons moet mense help om te lewe:

1. Met ‘n Koninkryks visie – mense moet hulle waarde/”significance” besef in die Koninkryk – hulle is meer as toeskouers!
2. Volgens Koninkryks beginsels en gewoontes. Wees beskikbaar, bid, luister en wees bruikbaar!
3. Volgens ‘n Koninkryks lewensstyl. Wys jou toewyding, bely met ‘n doel, doen goeie werke en groei in diensbaarheid (servanthood)

Onthou wat Bonhoeffer gesê het***. Goedkoop genade is genade sonder ware dissipelskap.***

HEFSIBA SE STRYD

1. Dit lyk vir ons die stof het eers gaan lê op ons sendingstasie daar in Vila. Dankie vir almal wat daarvoor gebid het en bygedra het om te help om die boetes te betaal – maar ons kort nog heelwat!
2. Bid asb vir die watersituasie op HEFSIBA. Dirk Smit worstel met veral die elektriese probleme met die pompe en die dosente en studente kry swaar sonder water.
3. Ons groot beplanningsvergadering vir 2010 vind die naweek van 2 – 4 Oktober plaas. Ons benodig u gebede
4. Eduard Schoch en sy organisasie van Potch het onderneem om vir ons 10 rekenaars op te bou en begin 2010 deur te vat na HEFSIBA. Hierdie

rekenaars gaan veral gebruik word om die studente Engels te leer maar dit is ook ‘n “tool” om die Evangelie te bring. Loof die Here saam met ons vir hierdie inisiatief.

5. Die toetsreeks vir die studente begin weer die 26ste September en duur tot die 10 Oktober
6. My navorsing het ‘n paar “hick-ups” gehad en tydens die behandeling feitlik tot stilstand geknars maar is nou weer op koers. Ek sou graag elke dag daar op HEFSIBA so 2 ure bestee aan die navorsing. Ek het ook ‘n beurs gekry van NetACT om volgende jaar verskillende teologiese skole in verskillende lande te gaan besoek i.v.m. kurrikulering. Dit alles benodig goeie beplanning en gebed!
7. Ons opmars na die Noorde begin net na die Panteologie konferensie in Potch d.i. Woensdag die 24ste September. Ons wil via Maputo opgaan en vra u gebede vir die deurgaan van die grenspos by Komatiepoort en ‘n veilige reis. Ons beplan om Saterdagmiddag 26 September by ons huis te wees.

SLOT: BORN FOR BATTLE

Dit word vertel dat toe die oorlog uitbreek in Engeland, die Eerste Minister van Engeland vir Lord Mountbatten geroep het en gesê het: “Jy is van nou af nie meer hoof van Verdediging nie –jy is hoof van Aanval “ As jy nog nie regtig uit die blokke is vir sending nie – nou is die tyd vir verdediging nie maar van aanval ! “You are born for battle!”

Wees vir oulaas in 2009 gegroet uit sonnige en groenwordende Parys!

CRISTO ACIMA DE TUDO! *CHRISTUS BO ALLES!*

Kruger & Antoinette du Preez

BANKBESONDERHEDE:
HEFSIBA
ABSA LYNNWOODRIF, PRETORIA
TAKKODE: 333-645
REK. NR. 14-2015-5464

HEFSIBA Instituto Superior Cristao
Tel. +258 25252021
www.Hefsiba.org